Die werk van gebed

Gebed is in die eerste plek 'n **verhouding** met ons Vader en Here. In hierdie verhoudingsaspek van gebed is veral die volgende elemente van gebed ter sprake: aanbidding, lofprysing, bewondering, boetedoening (sondebelydenis), dankbaarheid, stil wees voor God en luister. Dit gaan om God self. Dit gaan om ons verhouding met Hom en om sy verhoging, die grootmaak van sy Naam, om gemeenskap met Hom te hê en om te luister wat op sy hart is.

Maar daar is ook 'n tweede aspek van gebed. Dit is **naamlik die werk van gebed,** wat veral met die **voorbiddingsaspek** van gebed te doen het. Daar word baie klem gelê op gebed as 'n verhouding met God en heeltemal reg ook. Maar ons mag nooit vergeet dat daar ook **gebedsarbeid is** wat verrig moet word nie. Wanneer ons van die werk van gebed praat, is die volgende elemente van gebed o.a. ter sprake: voorbidding, versoeke, om in te tree of in die bres te staan, smeking en geestelike oorlogvoering. Let op die volgende aantal Skrifgedeeltes:

2 Korintiërs 1:11 *"Daartoe **werk julle mee** deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring."*
Romeine 15:30 *"Ek versoek julle dan dringend ... **Stry saam** met my deur vir my te bid.*
Kolossense 4:12 *"Epafras... **bid altyd ernstig** vir julle dat julle staande mag bly.*
Kolossense 1:9 *"Daarom... **hou ons** ook **nie op** om vir julle te bid nie "*
1 Tessalonisense 1:2-3 "*Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons in ons gebed aan julle dink. **Sonder ophou** bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk... "*
Jesaja 62:6-7 *"Ek het wagte op jou mure uitgesit Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly totdat Hy Jerusalem herstel het, totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het."*
Esegiël 22:30 *"Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad* **in** *die* **bres sou tree** *dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie.*
1 Timoteus 2:1 *"Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met **smeking,** voorbidding en **danksegging** gebid moet word vir alle mense.*"

In hierdie gedeeltes word daar na die werk van gebed verwys. Dit gaan om die taak van voorbidding, ons arbeid in gebed. Gebed is harde werk. Vir baie mense lyk gebed na iets baie passief. Wanneer ons egter waarlik by werk van gebed betrokke raak, is daar geen harder werk nie. Telkens wanneer daar in die Skrif na die werksaspek van gebed verwys word, word daar woorde gebruik soos **smeek, worstel, stry, waak, vurig bid, sterk geroep en trane.** Hierdie woorde impliseer arbeid, stryd en inspanning. In die geestelike sfeer is daar sekere arbeid wat verrig moet word, wat alleen in die gebed verrig kan word. Wanneer die werk van gebed nie reg en genoegsaam gedoen word nie, misluk al ons ander geestelike arbeid tot 'n groot mate en bly dit grootliks oneffektief.

Hudson Taylor het by geleentheid gesê: "Jy kan werk sonder om te bid, maar dit is 'n slegte plan. Jy sal egter nooit ernstig kan bid *sonder om te werk nie.*" Werk kan nooit deur gebed vervang word nie, maar gebed kan ook nooit deur werk vervang word nie. Die geestelike wet wat egter universeel geld, is: **Eers bid, dan werk!**

Oswald Sanders verwys in een van sy boeke na **Johannes 14:12-14** waar Jesus sê dat ons groter werke sal doen as wat Hy gedoen het. Oswald Sanders meen dat, wanneer Jesus na *"groter werke* verwys, impliseer die *"groter werke "* hier die **werk van gebed.**

Waarom is die kerk so kragteloos? Waarom het die kerk so weinig effek in die wêreld? Waarom slaag die kerk nie daarin om die evangelie na die onbereikte volkere te neem nie? Waarom is daar so 'n doodsheid in baie kerke? Waarom kom mense tot bekering, maar groei nie tot geestelike volwassenheid nie? Een van die grootste enkele redes is dat daar nie gebid word nie. Die werk van die gebed word nie gedoen nie. Daar word nie genoeg gebid nie. Die aantal gebedsarbeiders is te min vir die hoeveelheid gebedswerk. **Jakobus 4:2** sê: *"Julle het nie, omdat julle nie bid nie."* Gebed bring die seën van God. 'n Herlewing van gebed sal 'n herlewing van die seën van God voortbring. Meer **doelgerigte, intelligente** en volhardende gebed sal meer geestelike vrug tot gevolg hê. Dit is wanneer die kerk nie die werk van die gebed volhardend en effektief doen nie, dat die kerk kragteloos en oneffektief word. Dit was God se bedoeling dat die kerk die krag wat hy nodig het om sy werk te doen, deur gebed moet verkry.

God het die gelowiges ingesluit in sy verlossingsplan met die wêreld. Die taak van die gelowiges is óók die taak van gebed. Deur gebed help die gelowige om die koninkryk van God te laat kom in hierdie wêreld. God soek voorbidders om die werk van gebed te doen. Ongelukkig is dit so dat die kerk die werk van gebed verwaarloos en die kerk betaal die prys daarvoor. Die werk van gebed is geestelike werk wat in die geestelike sfeer gedoen word. Baie mense sien nie die noodsaaklikheid van gebed en veral voorbidding nie, omdat hulle nie met hulle fisiese oë kan sien wat in die geestelike sfeer gebeur nie. Maar die feit dat ons dit nie sien nie, beteken nie dat daar nie iets gebeur wanneer ons bid nie. Inteendeel, God kom in beweging wanneer ons bid.

Daar moet groter klem gelê word op die **taak van voorbidding**. Die gelowiges moet meer en meer gewys word op die **resultate** van **voorbidding** en die effek van voorbidding. Die volgende opleidingstukke het ten doel om op 'n praktiese manier die voorbidder te help om die werk van gebed te doen. Daar is talle mense wat wil bid, maar nie weet **hoe** om te bid nie.

Deur die jare is ek telkens gekonfronteer met vrae soos: Hoe bid ek vir ongeredde mense? Hoe bid ek vir iemand wat siek is? Hoe begin ek met 'n gebedsgroep? Is dit die moeite werd om as individu maar net daar in my eie kamertjie te sit en bid? Hierdie en soortgelyke vrae het gemaak dat ek aanvanklik begin het om pamflette op te stel wat vir mense riglyne kon gee vir bepaalde sake.

Hierdie kan ook deur predikante, pastore, geestelike werkers en gebedsgroepleiers gebruik word om **lering** te gee aan lidmate, voorbidders en gebedsgroepe. Dit is vir my baie belangrik dat persone wat hierdeur gaan werk, nie die indruk sal kry dat gebed 'n paar stappe is wat gevolg moet word en siedaar: 'n antwoord op gebed nie! Om die verskillende gedagtes duideliker na vore te bring, het ek gebruik gemaak van 'n puntsgewyse indeling en dit moet nie gesien word as *"Six easy steps "* nie.

Gebed is ten diepste 'n verhouding met God en dit is vanuit hierdie perspektief dat die inhoud hiervan gesien moet word.